Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 26 April 1950 Prys 3d. No. 23

## S.A. Betaal Vir Hul Onderhoud

**Britse navorsers het vasgestel dat 100 werkers in die Verenigde State se kantoenfabrieke dieselfde hoeveelheid werk verrig as 263 Britse werkers in die gemiddelde Lancashire-fabriek, volgens 'n berig uit Engeland.**

**Suid-Afrika, as invoerders van Britse ware, help betaal vir die lone van daardie 163 onnodige werkers.**

## MOSLEY BEPLEIT ALGEHELE SKEIDING VIR AFRIKA

**Terwyl Europese volke van dieselfde ras maar wat verskillende tale praat maklik saamgesnoer kan word in 'n Europese Unie, kan blankes en naturelle van 'n heeltemal verskillende ras slegs met mekaar saamwerk indien behoorlik rekening gehou word met die rasverskille", skryf Sir Oswald Mosley se blad Union na aanleiding van die Seretse Khama-geval.**

**„Daar is genoeg lewensruimte in Afrika vir albei rasse, elkeen in sy eie gebied. 'n Vermenging van die rasse sal lei tot ondraaglike sosiale wrywing en die gevolglike ongeregtigheid en vyandskap.**

„Die Britse regering het egter nie hierdie belangrike waarheid raakgesien nie en sy hantering van die Seretse-geval was so swak en onbeholpe dat hy skynbaar ooreenkomstig geen beginsel gehandel het nie."

# FONDAMENTE WORD GELÊ VIR AFRIKA-EENHEID

**Die Britse beleid van boetie-boetie-spelery met die naturelle in hul Afrikaanse gebiede is vinnig besig om die Empire op die kruispaaie te bring. Die Imperiale regering sal òf die blanke koloniste se kant moet kies en 'n beleid van handhawing van die blanke opperheerskappy in die gebiede moet volg òf hy sal die nie-blankes se kant moet kies en die blanke gesag geleidelik verruil vir die toejuiging van die V.V.O.**

**Daar is besliste tekens dat die blankes in Afrika mekaar wil vind — nie omdat daar 'n Empire-band is wat hulle in lojaliteit saambind nie, maar juis omdat daar 'n Empire-band is wat hulle irriteer en knel.**

**Dit word duidelik vir die blanke in Afrika — en meer bepaald vir die blanke van Britse afkoms — dat die kleurbeleid wat die Imperiale Regering in Londen volg ten aansien van sy Afrikaanse gebiede, onverenigbaar is met behoud van die blanke oppergesag in Afrika. En derhalwe word daar reeds opgesien na die Unie van Suid-Afrika vir leiding en na die Afrikaner se tradisionele standpunt van segregasie vir lig.**

**Hierdie omstandighede open die weg vir wyse staatsmanskap in die Unie om die probleem as 'n Afrika-probleem te benader en om 'n blywende oplossing te vind langs die weg van die verdeling van Afrika in blanke en nie-blanke woongebiede.**

### ONGELUKKIG

Daarom is dit so gelukkig dat die groot Kerklike Kongres in Bloemfontein juis op hierdie tydstip wyse leiding in die rigting van algehele skeiding gegee het en is dit des te ongelukkiger dat die Eerste Minister hierdie beleid geheelenal verwerp het.

## GEVOEL TEEN LONDEN LAAI OP IN BRITSE GEBIEDE

Op 6 April het daar uit die pen van die voormalige Britse Minister van Statebondsbetrekkinge 'n artikel in die Spectator verskyn wat blanke gemoedere in Midde-Afrika gaande gemaak het.

As gevolg van pogings van blankes in Midde-Afrika om 'n

(Vervolg op bladsy 5 kolom 1)

# Ossewabrandwag Moet Seile Gereed Hou

## Tekens Dat Partypolitiek Volk Gaan Teleurstel

**Daar begin in die jongste tyd in ons land 'n politieke wind te waai wat die moontlikhede van 'n baie gunstige vaart vir die Ossewabrandwag inhou. In die boot van die Ossewabrandwag moet dit voortaan erg bedrywig toegaan, want as die wind weer waai, gee die sorgsame skipper vanselfsprekend bevel dat die seile opgehaal word en dat die vaart voortgesit word, skryf ons politieke medewerker.**

**Ek beskou dat die besluite wat die Kaaplandse en Transvaalse offisiere van die Ossewabrandwag onlangs geneem het, gelykstaan met die ophaal van die seile.**

Net na die algemene verkiesing en na die provinsiale verkiesings het daar 'n periode van windstilte vir die Ossewabrandwag ingetree. Baie Afrikaners het gevoel dat die nasionale partypolitiek voortaan die toekoms van die Afrikanervolk sal verseker en dat daar derhalwe nie meer 'n taak is wat die Ossewabrandwag moet verrig nie, en dat sy ideale van staatshervorming oorbodig geword het.

Maar met verloop van tyd raak die verwagtinge wat van die nasionaal-partypolitieke oorwinning gekoester is, meer en meer verydel.

### IDEALE KRIMP

Van die ideaal van 'n vrye republiek kom niks tereg nie— inteendeel word 'n valse ideaal van 'n kunsmatige republiek in die Britse statebond voorgehou.

**Al wat oorgebly het van die grootse ideaal van totale apartheid, is die ontoereikende beloftes van politieke en sosiale skeiding en die tragiese erkenning dat nie-blanke ekonomiese integrasie onvermydelik is.**

Afrikanervolkseenheid het nie 'n tree gevorder sedert 1948 nie.

Huise is so skaars dat selfs huurbeheer in moedeloosheid opgehef is.

Skaapvleis is glad onbekombaar..

Lewenskoste is so hoog dat arm mense en die middelklasse hul spaargeldjies moet gebruik om deur te kom.

En dan boonop is daar die onsmaaklike opskuddings wat sommige ministers van tyd tot tyd veroorsaak!

Liewe deug, troue ondersteuners wat geleer is om na hul partyleiers op te sien as byna onfeilbare mense, is geskok oor hul menslike feilbaarheid wat die partypolitiek in reliëf laat uitstaan — en omdat hulle geskok is, is hulle behoorlik ontnuts..

### TWYFEL AAN PARTY-POLITIEK

En nou begin vrae al verrys op die lippe van mense wat vroeër net „ja en amen" gesê het. Nou die dag het 'n troue partypolitieke volgeling vir my gesê: „Maar hulle het dan gesê dat dinge goedkoper sal word as ons net vir Jan Smuts en sy spul uitgooi." Hierdie man begin reeds agterkom dat daar 'n verskil is tussen „sê" en „doen". En so word ontnugtering gebore in menige borskas.

**Dit alles beteken dat baie Afrikaners reeds twyfel of die nasionale-partypolitiek in staat is om die toekoms van die volk te verseker. Hulle begin soek na iets anders. In 1939 het die volk gesoek na 'n beter opposisie as die nasionaal-politiekeparty teen veldm. Smuts se oorlogsbewind — en hulle het die Ossewabrandwag gevind. In 1950 begin die volk soek na 'n beter regering as wat die nasionaal politieke partye kan verskaf — en dit is die taak en die plig van die leiers van die Ossewabrandwag om te sorg dat die volk weer die Ossewabrandwag vind.**

Daar het by baie O.B.-lede altyd die gevoel bestaan dat die Ossewabrandwag se werklike taak sal kom eers nadat die nasionaal-politieke partye aan bewind gekom het en — gefaal het. Dit mag nog so blyk te wees.

**Mens mag egter nie die hoop laat vaar dat die nasionaal-politiekeparty, noudat hy die mag in die hande het, weereens daardie ewewigtigheid sal terugvind wat die party toe hy in opposisie was in 1941, bereik het nie. Destyds het die nasionaal-politiekeparty die ondoeltreffendheid van die partypolitieke stelsel van regering erken en hom saam met die volksbeweging rondom die bekende Republikeinse Grondwetkonsep geskaar — waardeur 'n magtige Afrikanereenheid bewerkstellig is. Destyds wou die partyleier self die Britse parlementêre stelsel wegveeg uit Suid-Afrika. Vandag het hy die mag om dit te doen.**

**Moontlik doen hy dit, en dan kan die volk juig. Indien nie, sal die Ossewabrandwag daardie taak moet onderneem nadat die nasionaal-politieke party gefaal het.**

Die offisiere van Kaapland en Transvaal het die positiewe koers aangedui waarlangs die Ossewabrandwag voortaan gaan loop. Die Ossewabrandwag beweeg weer. Met ons leiers aan die voorpunt sal die verkeer op

(Vervolg bo-aan kolom 5)

(Vervolg van kolom 5)

hierdie pad steeds toeneem.

**Dit is nou die tyd vir elke O.B.-lid en vir elke vriend van die Ossewabrandwag om sy O.B.-kleed aan te trek en daarmee op pad te verskyn. Dit is nou die tyd om die O.B.-vaandel uit te hang sodat dit duidelik sigbaar kan wees vir die gretige oë wat daarna begin soek.**

Elke O.B.-lid, vanaf die Kommandant-generaal tot by die nederigste brandwag, moet sy deeltjie bydra om die volk te help om opnuut die Ossewabrandwag te vind.

# DR. VAN RENSBURG TREE TYDELIK UIT WEENS GESONDHID

**Dr. Hans van Rensburg, Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, reik onderstaande verklaring uit in verband met sy eie toestand:**

Brandwagte,


Op 1 Januarie, 1941, het ek in die diens van die Ossewabrandwag getree en sedertdien het ek, na my beste vermoë, en sonder onderbreking die saak gedien.



**Dr. Hans van Rensburg.**

Dat die taak nie altyd 'n maklike was nie spreek vanself. Tegelykertyd wil ek beklemtoon dat dit altyd 'n dankbare en 'n eervolle was. En ook vandag nog, tenspyte van die veranderde omstandighede, is dit 'n dankbare en eervolle taak om as leier en kameraad van die troue manne en vroue van die Ossewabrandwag op te tree.

Die Uitvoerende Raad van ons Grootraad was egter vriendelik genoeg om aan my 'n tydperk van verlof van my pligte toe te staan en veral daar dit saamval met 'n periode waar ek mediese behandeling moet ondergaan, kom hierdie verlof my goed te pas. Voorlopig onttrek ek my aan my ampspligte vir 'n periode van drie maande en in daardie tyd sal die pligte van Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag op my versoek deur die voorsitter van die Grootraad, hoofgeneraal Dirk van Rooy, vervul word.



**Hoofgl. Dirk van Rooy.**

Nou, waar ek vir die eerste keer op die punt staan om — al is dit tydelik — die Ossewabrandag in 'n nie-eksekutiewe lig te aanskou, wil ek aan elk en iedereen van u wat, alle aanslae tenspyte, trou en onwrikbaar gestaan het, van my dank en my hoë agting verseker.

**Hans van Rensburg.**

DIE O.B., WOENSDAG, 26 APRIL 1950

# DADE NOU NODIG

Een van die bevindings van die kerklike kongres in Bloemfontein was dat die naturellevraagstuk „bo die skommelinge van die partypolitiek behoort gehou te word”. Dit is interessant dat byna gelyktydig met die kongres daar 'n artikel in die Engelse pers verskyn het uit die pen van een van die opposisie-voorbankers waarin hy pleit vir 'n uitligting van die kleurvraagstuk uit die partypolitiek en die sameroeping van 'n konvensie daaroor. 'n Paar dae later het 'n ander Verenigde Party-L.V., mnr. Hamilton Russell, so ver gegaan om uitdruklik te sê **dat dit die Verenigde Party se beleid** is om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig, en hy het aan die hand gedoen dat 'n nasionale konvensie gehou moet word waar politici en nie-politici 'n regverdige beleid kan formuleer. Dit is ook bekend dat genl. Smuts in die verlede hom ten gunste van 'n uitligting van die vraagstuk uitgespreek het, en dat sowel dr. Malan as mnr. Havenga beroepe in dier voege gedoen het. **Dit skyn dus of daar 'n almene gevoel in die breë lae van die volk bestaan dat daar nie langer partypolitieke munt uit hierdie vraagstuk geslaan mag word nie. Dit is die teoretiese posisie.**

Die O.B. het egter reeds tevore gewaarsku dat die aanhoudende pleidooie van partypolitieke kant vanaf die partypolitieke verhoog besig is om uit te loop op 'n partypolitieke plank. **Die blote kwessie van uitligting is besig om 'n partypolitieke twispunt te word waarin die partye elkeen probeer beduie hoe graag hyself die saak wil verhef tot 'n volksaak maar dat die teenstander dit verhinder. Ons het ook onderstreep dat geen party tot so 'n stap sal inwillig solank die teenparty sy voorstelle binne die partypolitieke arena doen nie.** Dáár word dit beskou as uitdagings en sette, soos dr. Malan se voorstel verlede jaar in antwoord op 'n wantrouemosie deur die opposisieparty beskou is as 'n teenset om genl. Smuts in die hoek te dryf. Dit is die praktiese posisie.

## MAAR BERUS?

Die vraag kom dan op wat gedoen behoort te word om uitvoering te gee aan die begeerte van die volk. Sal blote besluite van kerklike en volkskongresse enige praktiese bydrae kan lewer om hierdie saak op 'n breë grondslag aangepak te kry, veral as een van die partye die volksbegeerte nou as 'n politieke plank aantimmer in sy program en die ander noodwendig met politieke naywer verskonings sal soek om nie die teenparty sy sin te gee nie? Dit is 'n vraag waaraan die denkende leiers van die volk ernstige aandag sal moet gee, **en dit is in die eerste plaas nodig dat daardie aandagskenking self vry sal wees van partypolitieke aankleefsels. Daar sal stelling ingeneem moet word sonder aansien van persoon of party, en as die politici nie tot 'n vergelyk kan kom nie, rus daar 'n plig op leiers van kringe op ander terreine van die volkslewe om dwang op die partye uit te oefen wat sterker sal wees as blote beroepe. Dit mag selfs moontlik wees dat baie drastiese middele aangewend sal moet word om die partypolitici tot weerhouding te dwing.**

## EERSTE STAP

As voorlopige maatreël sal dit miskien voldoende wees as die kerklike leiers die politieke leiers persoonlik nader en hulle probeer oorreed. Dit geld veral die Eerste Minister wat in die beste posisie is om die voortou in hierdie verband te neem. **Waar die opposisie hom reeds in die openbaar gekompromitteer het tot uitligting van die vraagstuk, en die kleurvraagstuk per slot van sake 'n beter plank vir die regerende partye as vir die opposisie is, skyn die oplossing te wees dat die Eerste Minister die grootmoedige stap doen om persoonlik met die opposisieleier te onderhandel agter geslote deure en met die uitdruklike verstandhouding dat die onderhandelings, indien dit om een of ander rede afspring, nie openbaar gemaak sal word nie.** Laasgenoemde versekering is noodsaaklik vir openhartige beraad omdat die partyleiers andersins te veel op die hoede en agterdogtig ten opsigte van mekaar se goeie trou sal wees.

Ons wil die hoop uitspreek dat die kerklike leiers die besluit in Bloemfontein nie net by woorde sal laat nie, maar daadwerklike stappe sal doen om die politici tot uitvoering van die volksbegeerte te dwing. Ons kan nie dink aan 'n sterker liggaam om hierdie dwang uit te oefen nie. Dit is geen politiek nie — dit is 'n voorwaarde vir die Kerk se eie taaksvervulling in Afrika.

# Dit Lei Na 'n Val

Genl. Smuts is in 1948 by die stembus verslaan nie vanweë sy oorlogsbeleid nie. Selfs soldate met baie sterk vooroordele teen die oorlog wat uiteindelik noodgedwonge aangesluit het, was by hul terugkeer ondersteuners van die oorlog. Sulke gevalle was volop. Hoewel die kleurvraagstuk 'n belangrike rol gespeel het, was dit ook nie die deurslaggewende faktor in die verkiesing nie.

**Feit is dat genl. Smuts die prys betaal het vir die knellende toestande op ekonomiese gebied wat veroorsaak is deur tekorte en 'n stygende lewenskoste.** Dit is die vlottende stem — die mense wat geen besliste politieke menings daarop na hou nie en meer besorg is oor die onmiddellike welvaart en

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

welsyn van hul naasbestaandes en hulself — wat die skaal deurtrap by 'n algemene verkiesing. **Dit is hierdie vlottende stem wat veel meer gevoelig is vir die styging van 2 pennies op 'n pond botter as vir die teenwoordigheid van drie naturelleverteenwoordigers in die parlement.**

**En as dit nou 'n feit is — en baie min sal dit kan weerspreek — dan het die nasionale bewind die afgelope paar weke 'n hele paar skredes nader na sy dag van afrekening gegee.** Ons sê dit nie met enige sweem van leedvermaak nie. Inteendeel. Toestande in die wêreld en in Afrika in besonder is besig om 'n stadium te bereik waar dit almeer noodsaaklik word vir Suid-Afrika om 'n nasionale regering te hê.

Dit is die plig van die regering om kragtige stappe te doen wat sy afwaartse beweging weens die opwaartse neiging van die lewenskoste te verhoed. 'n Groot deel van die prysstygings van lewensmiddele word byvoorbeeld veroorsaak deur verhoogde spoortariewe omdat die Spoorweë op 'n verlies werk. Die regering behoort in te gaan op die redes vir hierdie verlies. Waarom kan 'n onderneming wat in die buiteland op private inisiatief berus en dus winsgewend moet wees, nie lonend in Suid-Afrika wees nie? **Moet dit nie toegeskryf word aan wanbeheer nie? Is die partypolitieke beheer van die Spoorweë nie vir 'n groot deel verantwoordelik vir die kwale van die onderneming nie? Is dit nie tyd dat hierdie instelling uit die hande van beroepspolitici geneem en aan sakemanne oorhandig word, soos in die geval van ander nasionale ondernemings nie?**

Maar die regering sal homself bowe-al die vraag moet stel of hy enige vooruitsig het om homself te vrywaar van 'n verkiesingsramp solank hy net probeer om die Britse regeringsinrigting van ons land van binne en buite af te pleister met nasionale klei en origens te voorsien van Suid-Afrikaanse meubels. **Die Britse instellings in ons land het lank reeds opgehou om te voldoen aan die vereistes van moderne staatsbestuur en ons eie landsomstandighede, soos ook genl. Hertzog voor sy dood beklemtoon het.**

As 'n omvattende en deurtastende herreëling van ons openbare instellings nie sonder verwyl deurgevoer word nie, sal geen slagspreuke verhoed dat die regering deur 'n wanhopige kieserskorps uit die kussings geveeg word soos die geval was met die Smutsbewind nie.

# Finansie-Korporasie Se Patroon Vir Hervorming Van Parlement

**Hoe die samestelling van die Nasionale Finansiekorporasie — die nuwe skepping van die Minister van Finansies, wat so 'n groot sukses is dat dit allerweë aangepryś word — dieselfde grondslag het as wat vir 'n plaasvervangende liggaam vir die senaat bepleit word, word in onderstaande artikel aangestip. So 'n verandering behoort in die lig van die regering se eie verklaarde strewe en stappe wat hy reeds gedoen het, nie te revolusionêr te wees om uit te voer nie.**

Deur A. J. van Rooy

Die Nasionale Finansie-korporasie is in die lewe geroep deur Wet No. 33 van 1949. Artikel 3 van hierdie Wet bepaal: „*Die oogmerke van die korporasie is om die daarstelling van 'n bedrywige kredietmark in die Unie en die aanwending van onbenutte kapitaal in die nasionale ekonomiese belang te bevorder, en om deelname van buitelandse kapitaal aan die ontwikkeling van die Unie se hulpbronne te vergemaklik.*"

Artikel 9 (1) bepaal: „Die werksaamhede van die korporasie word, onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet, bestuur deur 'n raad wat bestaan uit minstens nege en hoogstens twaalf direkteure, deur die Goewerneur-generaal aangestel, van wie een 'n verteenwoordiger van die Tesourie en die res verteenwoordigers van deelhebbende instellings ('n bouvereniging, 'n handelsbank, 'n versekeringsmaatskappy, 'n beherende mynmaatskappy, die Reserwebank of 'n ander finansiële instelling wat die houer van aandele van die korporasie is) moet wees."

## AANWESIG

Artikel 9 (2): „Wanneer dit nodig word om 'n direkteur aan te stel, nodig die Tesourie deelhebbende instellings of klasse deelhebbende instellings uit om name voor te lê van persone wat geskik is om as verteenwoordigers van daardie inrigtings of klasse inrigtings aangestel te word, en die Goewerneur-generaal stel uit die persone van wie die name aldus voorgelê word die direkteure aan om deelhebbende instellings of enige klas van daardie instellings te verteenwoordig, maar met behoorlike inagneming van . . . . die wenslikheid om te verseker dat sover moontlik al die verskillende klasse instellings verteenwoordig sal wees."

## STAATSBANK

Die Nasionale Finansie-korporasie is dus 'n staatsbank waar geld wat op aanvraag opeisbaar is belê kan word. Die korporasie betaal rente op die geld, maar verdien ook rente daarop deur dit tot die beskikking van die regering te stel deur middel van die Reserwebank en die aankoop van staatseffekte. **Aangesien ruim £50,000,000 reeds by die Nasionale Finansie-korporasie op deposito geplaas is, lewer dit 'n belangrike bydrae tot die staat se leningsrekening.**

**Dit wil voorkom asof hierdie korporasie 'n groot sukses is en dit onderstreep weer die belangrikheid van die ontwerp staatsgrondwet wat tien jaar gelede deur die Ossewabrandwag, H.N.P., R.D.B. en die F.A.K. asook enige vooraanstaande kerkmanne aanvaar is.**

## VERBAND

'n Mens sal ook nou wonder: Wat op die aarde het die Nasionale Finansie-korporasie met die ontwerpgrondwet te doen? Artikel 3 (xi) van die grondwet bepaal: „Die bankwese van die Republiek moet 'n suiwer inheemse karakter dra, en om dit te verseker moet 'n staatsbank met al die vertakkings oor die hele land ontwikkel word, **met die oogmerk dat hierdie instelling regstreeks die geld- en kredietwese van die volk sal beheer.**" (Ons kursiveer)

Is die Nasionale Finansie-korporasie nie 'n duidelike stap in hierdie rigting nie? Volgens Artikel 3 van Wet 33 van 1949 is een van die oogmerke van **die korporasie die daarstelling van 'n bedrywige kredietmark in die Unie en om die aanwending van onbenutte kapitaal in die nasionale ekonomiese belang te bevorder.**

## IN REGTE RIGTING

Deur die stigting van hierdie korporasie het die regering nie alleen tot 'n mate uitvoering gegee aan Artikel 3 (xi) van die ontwerpgrondwet nie, maar die land terselfdertyd 'n groot diens bewys. Dieselfde geld vir die wetgewing teen gemengde huwelike wat ook in die ontwerpgrondwet vervat is. Artikel 3 (vii) meld kort en bondig: „Geen bloedvermenging nie."

Die Eerste Minister se herhaalde uitlatings in verband met die verkiesing van die goewerneur-generaal en die moontlike herdoping van die amp tot president, is 'n verdere aanduiding in die rigting van die konsepgrondwet, hoewel sy beoogde verandering nog nie heeltemal is wat die konsep vereis nie. Die eerste gedeelte van paragraaf (2) van die ontwerpgrondwet lui soos volg: „Ter uitvoering van die Christelik-nasionale beleid sal die volk as hoof van die staat 'n president kies." 'n Mens kan alleen maar vertrou dat die regering hierdie ontwerpgrondwet opnuut weer sal bestudeer en die staat al meer op die grondslag daarvan doelbewus sal hervorm. As die regering dit sal wil doen, sal sy bewind nie tevergeefs gewees het nie.

## DIE SENAAT

Die senaat het die jongste tyd ook heelwat die aandag getrek — hulle kla dat hulle nie werk het nie en beveel nou aan dat sommige wette eers by die senaat ingedien word en dan daarvandaan deurgaan Volksraad toe. M.i. kan die senaat maar by die Volksraad ingelyf word. Die bekwaamste senatore is in die senaat omdat hulle eintlik in die Volksraad hoort maar per ongeluk nie daar gekom het nie. Dit sal heelwat tyd en onkoste spaar as die senaat en die volksraad maar altyd gesamentlik sit. Die skoolboeke sê wel dat dit die senaat se funksie is om te keer dat wetgewing nie oorhaastig deurgejaag word nie. **Dis natuurlik onsin. As 'n wet eers deur die koukus van die regeringsparty aangeneem is, kan nóg die volksraad nóg die senaat eintlik verder iets daaraan doen. Dink maar aan die Indiërwet gedurende die Smutsregering.**

## BESONDERE TAAK

'n Tweede wetgewende liggaam is egter nuttig indien dit 'n eie spesifikasie taak het. **So 'n liggaam was die „Tweede Volksraad" in die ou Suid-Afrikaanse Republiek.** Ons was nog altyd geneig om te veel te dink aan die vergeefse rol wat die „Tweede Volksraad" moes vervul om die uitlander-stemreg-

(vervolg op bladsy 3 kolom 3)

## Ander Se Menings

# ONRUS HEERS IN AFRIKA

**„Dit het nog nooit tevore gebeur dat daar onder die Britte wat in Afrika woonagtig is, soveel onrus geheers het oor die houding van die regering in Londen nie" skryf Die Transvaler. „In Oeganda, in Kenia, in Tanganjika, in Njassaland, in Noord-Rhodesië (waar mnr. Roy Welensky die voormalige minister van kolonies, Creech Jones, deeglik die kop gewas het oor sekere uitlatinge insake die Afrikaners en hul regering), ja, selfs in Suid-Rhodesië waar die superlojale sir Godfrey Huggins die bewind voer, heers daar groot verbittering oor die beleid wat in Londen ten opsigte van Afrika opgestel word deur manne wat dikwels nog nooit eens die bodem van hierdie vasteland betree het nie."**

## Lewenskoste Gaan Volk Verwurg

**„Suid-Afrika se middel en laer inkomstegroepe gaan 'n ernstige krisis tegemoet, want die land het te staan gekom voor 'n nuwe styging van pryse en daarmee 'n aansienlike verhoging van die lewenskoste," skryf die onafhanklike blad Forward.**

„Die loon en salaristrekkers vind dit reeds moeilik om uit te kom. Hulle sal dit nog moeiliker vind in die maande wat voorlê, want gebeurtenisse vind plaas wat al die eienskappe van 'n klimmende kostestruktuur bevat..

„Die hoofoorsaak van die verhoogde prysvlak wat onvermydelik skyn te wees, is die verhoging van die spoorwegtariewe. Hierdie verhoging is genoodsaak deur die tekort van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die omvangryke reperkussies wat dit noodgedwonge op die land se ekonomie moet hê — en op die loon- en salaristrekker se lewenstandaard — bewys in hoeverre die Spoorweë die barometer van die land se voorspoed is."

## Twee Duidelike Sake

Na aanleiding van dr. D. F. Malan se verklarings in die parlement oor die republiek skryf die onafhanklike Dagbreek:

**„Ná hierdie verklaring moet dit (vir die soveelste maal, moet 'n mens sê) duidelik wees dat geen stap in die rigting van 'n republiek gedoen sal word voor die volgende algemene verkiesing nie. Dit moet ook duidelik wees dat dr. Malan persoonlik 'n republiek binne die Statebond sal verkies."**

En weer oor die naturellevraagstuk:

Inderdaad behou 'n mens ná hierdie verklaring die indruk dat die wesenlike verskil tussen die twee groot partye oor naturellebeleid nie so groot is as wat op platforms uitgemaak word nie.

## Republiek In Empire Sal Net Nuttelose Stryd Verwek

Na aanleiding van die Eerste Minister se hernude uitlating dat die laaste stap na 'n republiek is om die goewerneur-generaal te laat kies deur die volk en hom president te noem, skryf adv. Pirow in sy nuusbrief:

„Wat ons werklik belang in stel is die aard van die „republiek sonder isolasie". Dit is vir geen ander uitleg vatbaar nie as vir dié van 'n republiek binne die Britse Ryk. In so 'n koelievryheid stel die Nuwe Orde geen belang nie. Die beswaar van die gewone Afrikaner is nie so seer teen die persoon van die Koning nie — wat vandag 'n konstitusionele nul is — maar teen die lidmaatskap van die Britse Ryk. **Dr. Malan se voorstel sal net soveel teenkanting van die Engelssprekendes uitlok as 'n werklike republiek, en sy eie mense sal dit nie bevredig nie.** Dit sal beteken dat die Regering — as die koelierepubliekgedagte ooit verder as die bokwa kom — tyd en kragte sal verspil in 'n stryd wat die Afrikaners op sy beste uit blote partygevoel sal voer en wat by die ander seksie die geleentheid van 'n kruistog sal skep. Die onderwerp hoort tuis in 'n debatsvereniging en nie in die praktiese politiek nie."

## Wil Offisiere Laat Bedank Uit Leër

„Moet genl. Beyers toegelaat word om alleen te staan in hierdie besondere geval?" skryf die Cape Argus. Ons stel voor dat dit tyd is om van taktiek te verander. **Daardie tydperk toe manne en vroue op hul poste gebly het en gedulidg verdra het moet voortaan as be-eindig beskou word. Elke persoon wat verbonde is aan die Verdedigingsmag, en wie se lewensbestaan nie daarvan afhanklik is nie, behoort te bedank.** Daardie vrywillige offisiere wat onderwerp is aan ontneming van voorregte, vernederings en afjakke moet hul hoede vat en loop. Die stryd behoort nou openlik en geheelenal verskuif te word na die politieke front. Om aan te bly gaan ongetwyfeld nie verhoed dat min. Erasmus die Verdedigingsmag omskep in 'n afdeling van janitsare nie. Dit is buitekant, op die politieke front, in elke stad en dorp, dat die stryd aangeknoop moet word en dat elke poging aangewend moet word om die inisiatief terug te kry, om die vasberadenheid om die toekoms te bepaal te herstel, en om lidmaatskap van ons ongeteisterde volk weereens 'n seën te maak en nie 'n las nie."

„Ons hoop dat daar geen enkele lid van die Verdedigingsmag is wat hierdie soort gevoel deel nie. Maar ons hoop ook dat, as daar een is, hy onmiddellik aan die beroep tot uittrede gehoor sal gee", skryf Die Burger na aanleiding van die Argus se hoofartikel, en voeg daaraan toe:

„Die Verdedigingsmag sal daarby baat as die jingoïstiese gees wat van buite deur sekere politici aan sekere van sy lede toegeskryf word, vir eens en vir altyd saam met sy draers sal padgee om nooit weer terug te keer nie."

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

griewe uit die weg te ruim. Hierdie stemregkwessie is nóg deur die „Tweede Volksraad" nóg deur enigiets anders opgelos. **Die belangrikste is egter dat die „Tweede Volksraad" 'n spesiale taak gehad het, naamlik om die meer gespesialiseerde nywerheidswetgewing te behandel en voor te berei vir die „Eerste Volksraad."**

### GEMEENSKAPSRAAD

Waar die Unie in die midde van reusagtige nywerheidsontwikkeling staan, sal 'n sodanige regeringsliggaam baie besiger wees as wat ons senaat van vandag is. **Ons het 'n „Gemeenskapsraad" nodig min-of-meer soos uiteengesit in Artikel 2 (ii) van die ontwerpgrondwet van tien jaar gelede:** „Die Gemeenskapsraad bestaan uit nie meer as 50 lede nie, met uitsluitelik adviserende magte en word saamgestel deur die President-in-Rade. Vyftien word spesiaal aangestel vanweë hul kennis en ervaring in verband met die behandeling van belangrike landsvraagstukke; **en 35 word gekies deur organisasies wat bepaalde geestelike, ekonomiese, kulturele of maatskaplike groepe verteenwoordig en also deskundige advies gee vir die Regering."**

**Dit is hoog tyd dat die regering ons grondwet opknap terwyl hulle in die regeringsbanke is.** Dat die nuttelose senaat deur 'n broodnodige Gemeenskapsraad volgens bostaande model vervang moet word, lê voor die hand. En dit is ook nie eintlik iets vreeslik nuuts meer nie: **Die Direksie van die Nasionale Finansie-korporasie ('n groot sukses) word volgens dieselfde beginsels saamgestel!**

# Lewenskoste Val Aan Oor Breë Front

**Die lewenskoste het die afgelope paar weke oor 'n groot front opgeruk, en as daar in gedagte gehou word watter rol hierdie vyand van alle regerings in verkiesings speel, behoort dit die regering tot ernstige waarskuwing te strek.**

**Die volgende is 'n lys van die vernaamste stygings:**

**Spoorwegtariewe op met tien persent.**

**Petrol op met 3d. per gelling.**

**Posseëls op met ½d. per brief.**

**Telefoon op met ½d. per oproep.**

**Telegramme op met 3d.**

**Blikkiesvrugte op met 2½d. per blik.**

**Blikkieskonfyt op met 3d. per blik.**

**Steenkool op met 2d. per sak.**

**Eeiers op met 4d. per dosyn.**

**Sement op met 2d. per sak.**

**Graankosse op met 4d. per 2 pond.**

**Mielies op met 2/- per sak.**

**Koring op met 4/- per sak.**

**Hawer op met 3/6 per sak.**

**Brougars op met 5/- per sak.**

**Kaalgars op met 2/6 per sak.**

**Rog op met 1/- per sak.**

**Skaapvleis op met 1d. per pond.**

**Beesvleis op met ½d. per pond.**

**Hierbenewens word daar 'n verhoging in baie gebruiksgoedere soos onder meer klerasie ens. verwag weens die verhoogde spoorvrag.**

**Hoër pryse vir voer sal uiteindelik ook meebring hoër pryse vir suiwelprodukte en alle soorte vleis. Reeds dreig melkboere om te staak en varkboere dring aan op hoër pryse.**

**Die middelslag-verbruiker wat die swaarste las moet dra het ook die talrykste stem. Dis vir die regering gevaarlik.**

## Sê Uitligting Is V.P.-Beleid

**Nog 'n Verenigde Party-L.V., mnr. Hamilton Russel, het 'n nasionale konvensie aan die hand gedoen as 'n poging om die naturellevraagstuk as 'n volksvraagstuk aan te pak buite die partypolitiek.**

**In 'n toespraak in Woodstock het hy gesê dat dit die Verenigde Party se beleid is om die naturellevraagstuk uit die partypolitiek te lig.** „Ek vrees, net soos ek die Kommunisme vrees, die moontlike opkoms van 'n nie-blanke Gandhi onder wie se kommunistiese-besielde leierskap die nie-blanke werkers van Suid-Afrika die ekonomiese wapen van lydelike verset kan toepas tot ruïnasie van ons land," het hy gesê met verwysing na die gesamentlike konferensie onlangs in Johannesburg van Indiërs, naturelle en Kleurlinge onder leiding van mnr. Sam Kahn, L.V.

## *MILJOENE NOG IN RUSLAND*

Volgens Duitse skatting word daar nog altesame drie miljoen Duitse soldate en burgerlike persone vermis en in Rusland gevange gehou. Deur die owerheid word tans 'n opname gemaak in 'n poging om vas te stel hoeveel persone presies vermis word in die hoop dat hulle opgespoor kan word.

Die amptelike skatting is dat minstens 'n half miljoen krygsgevangenes nog in Rusland gehou word, maar nie-amptelike menings is dat die syfer anderhalf miljoen is. Daarbenewens word 'n anderhalf miljoen burgerlikes en soldate vermis.

# *Brit Bly Sit Onder Sing Van Volkslied*

**Die drie Geallieerde kommandante in Wes-Duitsland het verlede week bly sit toe 2,000 Duitsers onder leiding van die bondskanselier, dr. Adenhauer, 'n vers uit die Duitse volkslied, Deutschland Über Alles, aangehef het. Inderdaad het die Britse regering dr. Adenauer 'n amptelike skrobbering gegee oor sy optrede.**

Die betrokke vers wat gesing is lui: „Eenheid, reg en vryheid is waarborg vir geluk. Laat die Vaderland floreer in hierdie gees." Onderwyl die 2,000 aanwesige Duitsers uit volle bors gesing en die Britse, Franse en Amerikaanse verteenwoordigers bly sit het, het 'n ander Duitser, Franz Neumann, voorsitter van die Sosiaal-demokratiese Party, van die verhoog af gestap.

Ter verdediging van sy optrede het Adenauer gesê dat die sing van die volkslied die Duitsers in sowel die westelike as oostelike deel van die land bemoedig het. In die Russiese gebied het luisteraars voor die radio op aandag gekom.

**Die Britse houding om aanstoot te neem aan die sing van die Duitse volkslied in Duitsland kom eienaardig voor as hul optrede in Suid-Afrika in gedagte geroep word. Afrikaners is al aangerand en selfs voor 'n hof gedaag as hulle weier om op te staan vir die Britse volkslied. Nog eienaardiger vergelyk die Britse houding met die geval 'n paar jaar gelede toe 'n Duitser vir twee jaar tronktoe gestuur is omdat hy nie vir die Britse volkslied in DUITSLAND opgestaan het by geleentheid van 'n vermaaklikheidsbyeenkoms nie.**




LEENGOED ?

Sonder Assuransiebeskerming kan u u besitting feitlik in 'n oogwink kwyt wees, deur Brand, Ongeluk of Diefstal.

Maak SEKER van die *waarde* van u huis, u meubels, u kar, deur —

'n SANTAM-Polis !

•SANTAM•

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-6a






RÓOK

Kommando

Die Vriendelike Sigaret

GI-3006

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GOUE BRUILOF

Mnr. en mev. **J. J. M. van Zyl van Vanzylsdamme, Ladismith,** nooi hul vriende hartlik uit na die viering van hul goue bruilof op Saterdag, 6 Mei 1950 in die Stadsaal, Ladismith om 2.30 nm. Geen kaartjies plaaslik. 26/4/1

### ALGEMEEN

**'n Wonder-aanbod.—'n** Volledige reisende rolprent-uitrusting; 'n groot paneel Ford met 'n 18-Voet karavaan agteraan, 'n groot verskeidenheid natuurkleur wetenskaplike rolprente van Boesmans en wildslewe. Alle nodige apparate is ingesluit. Alles in puik toestand. Sal koper een maand lank ten volle onderrig en kan koper homself eers prakties oortuig van honderde ponde wins maandeliks. Prys £2,000. Terme kan gereël word. Skryf: **H. J. MacDonald, Middelpos, Upington.** 19/4/1

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

**Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad** teen 9/-, Chantenay Wortelsaad 6/6, Detriot Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van **Premier Saadkwekers, Pk. Schoemanshoek.** 8/3/T.K.

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

Mooi pampoene en Hubbord skorse. Haal bevredigende pryse. Knoffel is skaars. Mark oorlaai met droë uie. Versigtig! **U. S. Bellingan, Uitenhage.** 26/4/1

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### TE KOOP GEVRA

**Waterboormasjien** met alle toebehore. Gewaarborg in perfekte toestand. Meld prys en naaste dorp.—**L. Kotzé,** P.K. Villa Nora, oor Potgietersrust. 26/4/1

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:—
**M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**


*In België Vandag*

# Geskiedenis Regverdig Leopold Se Optrede

**Die Belgiese politieke toneel is die afgelope maande oorheers deur die koningsvraagstuk. Sedert sy oorgawe aan die Duitse leër as die enigste uitweg om algehele uitwissing van sy eie soldate te verhoed, het daar 'n sterk gevoel teen koning Leopold — sowel in sy eie as in die buiteland ontwikkel — 'n gevoel wat deur linkse groepe in die jare steeds hoër aangeblaas is, en wat daarop uitgeloop het dat België 'n paar weke lank in 'n kabinetskrisis gedompel was.**

Tot hierdie gevoel het Winston Churchill ruimskoots bygedra deur sy voorstelling van die gebeurtenisse tydens die oorlog. Volgens Churchill het Leopold oorgegee sonder om sy bondgenote vooraf te raadpleeg of te waarsku, met die gevolg dat die hele Britse en Franse flank blootgestel sou gewees het.

Leopold het hierdie bewering eers agt jaar na die oorgawe weerspreek toe hy vir die eerste maal hom daaroor uitgelaat het. **Volgens hom het hy die Britte en Franse agt dae voor die tyd van sy voorneme verwittig. Die Britte het vyf dae later hul posisies aan die regterkant van die Belge ontruim en hulle sodoende in gevaar gestel. Dit het plaasgevind sonder dat die Belgiese opperbevel daarvan geweet het, Nadat hierdie terugtog reeds aan die gang was, het Churchill in 'n boodskap aan die Belge laat weet „om hulself op te offer."**

Op hierdie verklaring van Leopold het Churchill en Paul Reynuad, destydse Franse eerste minister, besluit dat hulle Churchill se lesing van die gebeure sal handhaaf as die geskiedkundige.

### WARE VERHAAL

**Die ware verhaal soos meegedeel deur onpartydiges en gestaaf deur gesaghebbende en dokumentêre gegewens gee Leopold se weergawe aan as die juiste.** Hy het die Geallieerdes gewaarsku dat sy leërmag besig is om ineen te stort. Churchill se versoek dat die Belge hulself moes opoffer ten einde die Britte vlugkans te gee, is belaglik en uitvoering daaraan kon in elk geval nie Duinkerke vermy het nie. **Die Geallieerde nederlaag is nie veroorsaak deur die Belgiese oorgawe nie. Die Belge kon in elk geval nie langer weerstand bied nie.** Die Geallieerde magte was weens misgissings en ernstige foute hoegenaamd nie opgewasse teen die Duitse aanslag nie, **maar ter bevrediging van die mense tuis moes daar 'n sondebok gevind word, en Churchill en sy Franse bondgenoot was bereid om die skuld vir die ramp op die skouers van Leopold af te laai.**

### HET GELIEG

**'n Britse waarnemer soos Kenneth de Courcy erken ruiterlik dat die Franse vir Leopold gelieg het en dat die Britte 'n volledige terugtog begin het sonder om die Belge daarvan te verwittig.** Hy bevestig ook dat Leopold die Britte vroegtydig in kennis gestel het van die ineenstorting van die Belgiese leër en wel by wyse van 'n persoonlike brief aan die Englse koning.

Die vewyt dat Leopold homsèlf aan die Duitsers oorgegee het wat hom goed sou behandel het, is hom dikwels teen die hoof geslinger as bewys van sy verraad. Maar as militêre bevelhebber kon Leopold nie soos die Hollandse koningin sy leër in die steek laat en persoonlike veiligheid elders gaan soek nie. Hy moes as eerbare soldaat by sy manne staan en val.

### CHURCHILL SE HOUDING

Van Churchill se weiering om Leopold persoonlik te ontmoet en sy houding teenoor die koning, verklaar De Courcy: **„Daar is goeie rede om te glo dat Churchill se ongeneëndheid nie toegeskryf moet word aan 'n geloof dat Leopold in 1940 verraad gepleeg het nie, maar aan 'n standhoudende gevoel van wrewel oor die koning se houding ten opsigte van sekere**

(Vervolg in kolom 2)

(Vervolg van kolom 5)

**hoë oorlogsbeleid waarin die koning deur latere gebeurtenisse in die gelyk gestel is en mnr. Churchill heeltemal in die ongelyk."**

Dieselfde waarnemer is van mening dat 'n groot deel van die gevoel teen die koning veroorsaak is deur sy broer, die huidige regent, wat sedert hul kinderjare hatig op hom was. Hy is 'n eksentrieke persoon met eienaardige neigings en omring deur koddige vriende. Hy doen alles in sy vermoë om die regentskap te behou en het 'n fluisterveldtog teen sy broer op tou gesit.

# Oorvloed Van Petrol in Australië

**Australië, wat kort gelede die rantsoenering van petrol opgehef het ten spyte van die kwaaiste proteste vanuit Londen, het tans meer petrol as wat hy kan gebruik.** Hierdie petrol is alles afkomstig uit nie-dollargebiede. In sekere kringe word selfs gewag gemaak van 'n moontlike oorproduksie aan petrol in die wêreld.

Toe die Australiese regering begin stappe doen het om rantsoenering op te hef, het Londen gewaarsku dat hy geen bykomende dollars vir petrol-aankope gewaarborg kan word nie. **Hier is dus nog 'n bewys van die klas argument wat deur Brittanje gebruik word om sy dominiums onder die indruk te bring van hoe onmoontlik dit is om 'n selfstandige koers in te slaan.**

# Opposisie Sien Nou Kans Vir Lewenskoste

**„Wanneer ons (die parlement) praat van 'n verlaging van die lewenskoste, meen ons dit nie — dit is slegs 'n politieke streek," het die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, verlede week in die parlement gesê tydens 'n debat oor stygende lewenskoste. Hy het gesê dat geen regering bereid is om lone te snoei en 'n beleid van deflasie toe te pas nie, en gevolglik is alle praatjies in die parlement oor verlaging van die lewenskoste soveel onsin.**

Ten spyte van hierdie openhartige stelling van die Minister, het etlike opposisie-lede geroem dat as hulle 'n kans kry om in die kussings te kom hulle die lewenskoste sal verlaag — **dit nieteenstaande 'n ander opposisielid, mnr. Frank Waring, erken het dat die Nasionaliste die verkiesing gewen het met die lewenskoste-plank — teen die huidige opposisie toe aan bewind!**

Politici het inderdaad 'n lae dunk van die volk se geheue!

# ‚Churchill Gee Goebbels Gelyk'

**Tydens die debat in die Britse parlement oor verdediging toe mnr. Winston Churchill 'n pleidooi gelewer het vir die herbewapening van Duitsland het die Arbeiderslid R. Crossman gesê:**

**„Dr. Goebbels moet nou lekker lag . . .**

**„In sy laaste toespraak wat van Berlyn af uitgesaai is, toe nederlaag onvermydelik was, het die doktor voorspel dat mnr. Churchill spoedig sal uitvind dat hy die verkeerde oorlog gevoer het, dat hy die verkeerde oorlogsmisdadigers opgehang het, en dat hy die Duitsers om hulp teen Rusland sal smeek.**

**„Indien mnr. Churchill vandag reg is, dan was dr. Goebbels ook reg in 1945. Maar as dit so is dan was die Churchill wat Chamberlain se toegewingsbeleid aan die kaak gestel het en wat heildronke gedrink het op Stalin by Yalta en Teheran, 'n nasionale ramp."**

Tot sover klink Crossman se woorde nogal gevleueld. Maar hy stort verpletterend neer wanneer hy sê:

„Ek verkies egter om te dink dat die man, wat ons in ons grootste uur gelei het, hoewel hy baie foute begaan het, tog reg was omtrent die Duitse gevaar en dat ons verlede week nie die ware Churchill gehoor het nie, maar die spook van Neville Chamberlain."

# ONS VRA U MEDEWERKING

## Versoek aan ons Lesers

**Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van *Die O.B.* Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!**

**Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week *Die O.B.* sal wil ontvang.**

**Wie is hulle?**

**Almal wat Republikeine is.**

**Almal wat na ware Volkseenheid strewe.**

**Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.**

**Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.**

**Sal u nie as skakel dien tussen hulle en *Die O.B.* nie?**

**Wat moet u doen?**

**Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.**

**Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.**

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..........................*vir die eerste*..........................*maande.*

*NAAM*..........................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................
..........................
..........................
..........................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

# FONDAMENTE VIR AFRIKA-EENHEID

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

hegter eenheid tussen die protektorate van Noord-Rhodesië en Niassaland te bewerkstellig, skryf hy, het agterdog en vrees onder die naturelle nog nooit op so 'n skaal as tans voorgekom nie.

### TWYFEL AAN LONDEN

Die doel van die federasieplan soos dit deurgesyfel het deur die geheimsinnigheid van die konferensie wat by die Victoria-val gehou is, beteken vir die naturel vanselfsprekend 'n beperking op sy politieke vooruitgang, verantwoordelikheid en vryheid en 'n verontagsaming van ooreenkomste en ander verpligtings," aldus Creech Jones.

Hy skryf verder dat naturelle in hierdie gees met hom oor sake gesels het toe hy verlede jaar 'n besoek aan die gebiede gebring het en voeg by dat die doodsklok van die Central African Council wat deur Suid-Rhodesië gelui is die posisie verger. **„Baie blankes in Midde-Afrika verkeer onder die indruk dat die naturellevraagstuk nie in Londen begryp word nie en dat Whitehall so te sê niks van die naturelle en die omstandighede waaronder hulle leef weet nie."**

### SPOT DAARMEE

„Daar is 'n neiging om ons opvattings te bespot en as sentimenteel en onrealisties te beskryf," gaan Creech Jones voort, „maar die verantwoordelikheid van Brittanje in die protektorate in hierdie deel van Afrika kan nie aan 'n blanke minderheid oorgemaak word sonder wantroue en afkeur by die naturel te skep nie."

Met betrekking tot die beleid van Suid-Rhodesië, skryf Jones dat die Britse parlement nie die veronderstellinge waarop sy beleid gevestig is, naamlik die erkenning van gelyke regte vir alle onderdane en die bevordering van selfregering, ligtelik opsy sal sit nie. „Hoe verder ons van ons beleid afdwaal hoe meer verbitterd sal die naturel word en hoe groter die spanning . . . . Suid-Rhodesië moet besef dat sy beleid in die praktyk van so 'n aard is dat naturelle dit beskou as 'n belediging vir hul selfrespek en waardigheid en die Unie van Suid-Afrika moet ook in gedagte hou dat die gevolge van sy beleid, probleme wat reeds elders ondervind word, vererger," skryf Jones voorts.

### LONDEN TEENGESTAAN

**„Naturelle vrees dat Midde-Afrika voorberei word as 'n voorpos vir die naturellebeleid wat in die Unie uitgewerk word. Intussen word al ons pogings om die kleurskeidslyn in die Koperstreek te wysig, deur die blanke vakunie heftig bestry en dit op 'n tydstip wanneer die naturellevakunies beter georganiseer is as ooit te vore."**

„So 'n uitbarsting doen groot skade," het mnr. Roy Welensky, leier van die verkose lede van die Wetgewende raad in Noord-Rhodesië in Lusaka verklaar in antwoord op die artikel van Creech Jones. „Hy, (mnr. Jones), tot onlangs nog beklee met die gesag van minister van koloniale sake, het in een asem die hele skema van 'n Dominium in Midde-Afrika verdoem, saam met die binnelandse beleid van Suid-Rhodesië en die wettige politieke aspirasie van die blankes in Noord-Rhodesië en Niassaland," aldus mnr Welensky.

### AFVAARDIGING UIT NOORDE

Verlede week het die dr. Malan, Eerste Minister van die Unie, in die Volksraad verklaar dat die blankes van Kenia en Tanganjika hom gepols het oor die moontlikheid om 'n afvaardiging na die Unie te stuur ten einde te beraadslaag oor die toestand waarin hulle verkeer. Dr. Malan het tekenne gegee dat die Unie nie kan inmeng in aangeleenthede van die Britse regering nie. En daarna is gesaghebbend uit Londen verneem dat die Britse regering geen beswaar sal maak teen 'n ontmoeting tussen 'n afvaardiging van blanke nedersetters uit die Brits-Afrikaanse gebiede en dr. Malan nie. **Moontlik sal sodanige ontmoeting derhalwe eersdaags plaasvind.**

### INDIËRS

**In die tussentyd het die voorsitter van die African Indian National Congress 'n paar weke gelede in Nairobi verklaar dat dit in Midde-Afrika nou neerkom op 'n geveg tussen blankes en nie-blankes. En hy het die Indiërs se hulp aan die naturelle toegesê.**

# BEHOEFTE AAN 'N AFRIKA-BELEID

**„Daar is H.N.P.-lede wat met die Regering teleurgesteld is. Ons behoort nie tot daardie soort mense nie, want ons het uit die staanspoor gesê dat ons onder die huidige stelsel, van die Kabinet nie veel verwag het nie," skryf adv. Pirow in sy weeklikse nuusbrief, en vervolg:**

Ons sou tevrede wees met gesonde administrasie en 'n minimum van nuwe beleid. Wel, die gesonde administrasie is daar, alhoewel daar nog te veel neiging bestaan om alles aan kommissies oor te laat en nog te veel amptenaar-sobotasie geduld word. Wat nuwe beleid betref moet ons egter vasstel dat ons totsover nie eers daardie minimum het waarop ons gehoop het nie.

**Neem byvoorbeeld die lewensbelangrike kwessie van 'n Afrika-beleid. Kort na die nuwe Regering aan bewind gekom het was daar sprake — en by monde van nie minder as dr. Malan nie — van 'n Afrika-handves.** Daarna is ons bekwame diplomaat, advokaat Charles te Water, op 'n sending deur Afrika en die lande van die Middellandse See gestuur. Ons weet nie wat hy aan die Regering meegedeel het nie na sy terugkoms, maar ons durf veronderstel dat dit feite, menings en beleide uit die boonste rakke was. Wat het die Regering met daardie waardevolle materiaal gedoen? Sover ons bekend, niks nie. **Dit kan ook kwalik anders waar ons nie 'n departement van Afrikaanse sake het nie.** Ons wil ons pleit, wat ons etlike maande gelede tot die regering gerig het, herhaal: „Skep 'n departement van Afrikaanse sake wat onder die Eerste Minister op gelyke voet met die Departement van Buitelandse Sake sal sorteer." Die Unie en ook die Regering weet omtrent pan-Afrikaanse sake in hulle onderlinge ekonomiese, militêre en

(Vervolg in kolom 4)

(Vervolg van kolom 2)

ander verhoudings omtrent niks nie en voor daar 'n beleid kan wees, altans 'n praktiese uitvoerbare beleid, moet daar op sy minste 'n departement wees waar die nodige gegewens bymekaar gemaak en bewerk kan word. Dr. Malan sou nie beter doen as om weer sy toevlug tot mnr. Te Water te neem en hom te versoek om so 'n organisasie aan die gang te sit."

# Party-Skeidslyne Besig Om Te Vervaag Meen Blad

**Na aanleiding van dr. D. F. Malan se verwerping van die beleid van algehele apartheid en van sy aanvaarding van die beleid van gedeeltelike apartheid, nl. ekonomiese integrasie van die nie-blanke met politieke en sosiale skeiding — wat ook die grondslag van die Verenigde Party se beleid is — skryf Die Vaderland dat die twee sirkels of partye elke dag nader na mekaar toe skuif en dat die dag eerlank mag aanbreek dat hulle mekaar vrywel sal bedek. Die blad sê:**

**Die jong Turke sit mekaar in die hare, maar die ryper raadsmanne het reeds die afgelope twee dae in die Volksraad groot skredes geneem na 'n beter en, laat ons hoop, blywende verstandhouding. Dat hierdie verstandhouding nou juis naturellesake raak, is rede vir die grootste blydskap.**

Meer as een bekwame waarnemer is al getref deur die feit dat, ofskoon die partye maar nie die ou nuk kan afleer om mekaar voor die bors te vat nie, hulle lede tog nie opsienbarend veel van mekaar verskil wanneer hulle 'n koppie koffie saam sit en drink en dieselfde sake bespreek nie. Hierdie onderliggende eenheid ten spyte van oppervlakkige verskille het stellig veel, veel verder ontwikkel as wat sommige koerante wil toegee. Dit is opvallend dat, toe die Eerste Minister beduie het dat algehele territoriale segregasie 'n ideaal is maar seer gewis nog geen praktiese doelwit vandag nie, mnr. Sutter, 'n V.P.-voorman se reaksie was: Maar dan verskil u mos nie van ons nie! Waarop dr. Malan, ook nie links nie, mnr. Sutter op sy beurt oorgenooi het om die H.N.P. te help!

### STEEDS NADER

Die twee sirkels skuif elke dag nader na mekaar toe en die dag mag nog eerlank aanbreek dat hulle mekaar vrywel sal bedek. Op daardie dag sal ons kan praat van rypheid in ons politiek, want dan sal die partykramers aan ysterbande gelê word deur die verantwoordelikheidsgevoel van die meerderheid en landsbelang sal nie langer hoef te swig vir momentele party-„pret" nie. Dan sal daar nie meer geredetwis word oor dinge wat aksiomaties behoort te wees, soos dat die naturel 'n groot ekonomiese bate vir ons land is maar dat hy daarom nog nie 'n politieke meulsteen om ons nek hoef te wees nie. Aanvaar ons hierdie vanselfsprekende feite, dan verval veel van die onnodige dwarstrekkery wat vandag ons politieke lewe ontsier.

### PROTEKTORATE

'n Tweede en nog opsienbarender illustrasie van hoe die twee skywe vandag neig om 'n gemeenskaplike middelpunt te soek, is gelewer deur die gedagtewisselings tussen dr. Malan en genl. Smuts oor die Protektorate. Hierdie brandende vraag is skielik teruggeplaas in 'n atmosfeer van vrede en welwillendheid deurdat genl. Smuts sy seën uitgespreek het oor die plan om onderhandelings met Brittanje te hervat daar waar genl. Hertzog dit gebring het in 1939. Was dit nie vir die tussenkoms van die oorlog nie, soos dr. Malan afdoende in sy meesterlike oorsig van die geskiedenis aangetoon het, dan was die Protektorate vandag hoogs waarskynlik al onbesproke deel van die Unie se gebied. Noudat die oorlog verbygerol het, kan ons geen rede sien waarom vernude onderhandelings nie met welslae bekroon sal word nie. **Die belangrikste voorwaarde is bereik noudat genl. Smuts en dr. Malan dit eens geword het oor prosedure. In hierdie selfde gees sou daar haas geen enkele landsprobleem wees wat nie vir oplossing vatbaar word nie.**

# NATURELLE IS OPGEWASSE VIR FABRIEKSWERK

**Die mening dat naturelle- en Kleurling-werkers vaardiger is as Britse werkers, is deur kol. Rowland Jones, verkoopsorganiseerder van 'n wolfabriek, in Johannesburg uitgespreek. Hy het gesê dat naturelle- en Kleurlingwerkers in 'n fabriek in Uitenhage 'n doeltreffendheid van 80 persent na slegs 12 maande opleiding bereik het. In Engeland is die gemiddelde doeltreffendheid 75 persent na 18 maande.**

Nie-blankes wat opgelei is om klere onsigbaar heel te maak, het na ses maande 'n peil bereik wat gelykstaan aan dié van Britse werkers na 18 maande.

(Die Engelse produksiesyfer per kop is ongeveer die helfte van dié in die V.S.A.)

Indien bogemelde feite juis is, is die gegewens belangwekkend met die oog op die toepassing van 'n plan van algehele segregasie. Waar die naturel vandag allerweë aanvaar word as 'n hopelose boer, is dit belangrik om te weet dat hy wel opgewasse is vir nywerheidswerk, en indien genoegsame nywerhede in die naturellegebiede ontwikkel kan word, verval die beswaar dat daar nooit genoegsame grond vir 'n Bantoestaat of -state gevind sal kan word nie.

# Optrede Teen Kommunisme En Twyfel Oor 'n Minister

**Clement Attlee het verlede week in die Britse laerhuis gesê dat die regering sy beleid om Kommuniste uit die staatsdiens te skop meedoënloos sal voortsit. Niemand wat bekend is dat hy met die Kommunistiese Party in verband staan, sal in die staatsdiens geduld word nie.**

Terselfdertyd is daar ook verlede week gewag gemaak van agterdog wat in Amerikaanse militêre kringe bestaan teen die Britse minister van oorlog, John Strachey, wat tot tien jaar gelede nog 'n openlike voorstander van die Kommunisme was en wat vandag toegang het na alle militêre geheime. Die Britse minister van Verdediging, Shinwell, het egter ontken dat die Amerikaanse departement van oorlog versoek het dat sekere geheime aan Strachey weerhou moet word. Hy het toegang tot alle geheime, net soos hy (Shinwell) toegang gehad toe hy minister van oorlog was, het hy gesê. In sommige kringe bestaan bedenkinge teen Shinwell self weens sy „pink" verlede.

# Motorproduksie Onveranderd

„Die Suid-Afrikaanse motorbedryf het 'n kwota van £9,625,000 waarvan £4,625,000 sterling en die res dollars is, vir die eerste ses maande van 1950 ontvang. Die dollarkwota is tans heelwat gesny en sal aangewend word vir die invoer van motor-onderdele, reserwe-onderdele en swaar voertuie. Op grond van hierdie kwota-toekenning word verwag dat die motorproduksie byna teen dieselfde tempo as verlede jaar sal voortgaan. Die meeste Britse fabrikante het al voorsiening gemaak vir die plaaslike monteer van Austin, Morris, Hillman en Standard-fabrikate. Die vastelandse firmas is van voornemens om Citroen, Fiat en Renault plaaslik te vervaardig. Die Fordmaatskappy vervaardig onder andere ook die Engelse ligte Ford en trekkers. Die nuwe Ford wat teen £650 verkoop is, sal voortaan £800 kos." — Volkshandel.

# OORLEDE AAN SLANGBYT

Die O.B.-kommando van Heidelberg (Kaap) het op 12 April een van sy getroude ondersteuners verloor met die oorlye van mnr. P. D. de Wet van die plaas Hooikraal. Die oorledene wat een van die knapste en gewildste boere in die distrik was, is deur 'n slang gebyt onderwyl hy besig was om aan 'n nuwe pad op een van sy plase te werk. Hy is na die hospitaal geneem, maar dit was reeds te laat. Hy laat 'n vrou en drie kinders na.

# VERJAARDAG-KETTING

### APRIL

26 Jacobus Smit, Malmesbury.
Martha Rothmann, Vryburg.
Bettie de Klerk, Upington.
27 Clara Erasmus, Rustenburg.
Elise Laas, Wellington.
Elsa Nel, Oudtshoorn.
28 Coenie Theron, Koffiefontein.
Johanna Potgieter, Bosbokrand.
Delene Morland, Franschhoek.
Dorothy Niemand, Oudtshoorn.
29 Andrenette Cilliers, Wellington.
Coenie Scheepers, Strydpoort.
30 Hester Nortje, Koster.
Elizabeth Snyman, Frankfort.

### MEI

1 Johanna Nagel, Vryburg.
2 Martina van Rensburg, Loxton.
Magaretha Pretorius, Stellenbosch.
Gerhardus Rothmann, Vryburg.
Johanna van Rooy, Pretoria.

# WEINIG VERSKIL BLY IN PRAKTYK OOR TUSSEN PARTYE SE APARTHEID

**Die Minister van Naturellesake, dr. E. G. Jansen, het verlede week 'n breedvoerige uiteensetting van sy regering se naturellebeleid gegee wat aan die een kant wel 'n trooswoordjie vir voorstanders van algehele skeiding inhou, maar aan die anderkant soveel ooreenstemming met die Verenigde Party-beleid vertoon dat die opposisie, by monde van adv. J. G. N. Strauss, verklaar het dat dit presies die naturellebeleid van die Verenigde Party is op drie uitsonderings na, en daardie uitsonderings is dat die V.P. nie ten gunste is van 'n afwending van nywerhede na naturellegebiede nie, wars is van politieke apartheid en dat hy daarop staan dat daar samewerking tussen blankes en naturelle moet wees ten opsigte van die deurvoering van naturellebeleid.**

Dr. Jansen het duidelik onderskei tussen die ideaal van algehele skeiding en „praktiese politiek" en te kenne gegee dat die regering hom slegs tot die praktiese politiek bepaal. **„As daar MISKIEN in die toekoms 'n tyd aanbreek wanneer die blankes sonder die diens van die naturelle kan klaarkom, en ander billike voorsiening vir die naturelle gemaak is, kan die ideaal van algehele apartheid, wat in sommige kringe verkondig word, praktiese politieke word. Totdat daardie tyd aanbreek, sal ons ons aandag moet bepaal by wat prakties moontlik is," aldus die Minister.**

### UITGANGSPUNT

Die Minister het as uitgangspunt van die regering se naturellebeleid die feit genoem dat die **„aanwesigheid van naturelle in blanke gebiede en ook die feit dat hul aanwesigheid daar noodsaaklik is", erken is.** Dit is dan op hierdie uitgangspunt dat die beleid gegrond is tesame met aanvaarding van sekere aspekte van die ideaal van segregasie.

Wat van laasgenoemde behou bly, is die regering se aanvaarding van die beginsel dat die naturellereserwes die ware tuiste en vaderland van die naturelle moet wees, **waar hulle langsamerhand beheer oor hul eie sake kan kry.** Vir die doel sal daar meer grond aangekoop word.

### ONTWIKKELING

In dié verband beoog die regering die aanstelling van 'n kommissie wat ondersoek moet instel na die beste moontlikhede om die reserwes ekonomies te ontwikkel en die stamlewe te herstel. Samehangend met hierdie beginsel het die Minister 'n beroep op nyweraars gedoen om nywerhede wat van naturellearbeid gebruik wil maak, in of naby die naturellereserwes op te rig.

### GEEN DAADWERKLIKE STAPPE

**Bostaande is omtrent al wat oorbly van die ideaal van algehele segregasie.** Die regering gee dan toe aan die praktiese eise sonder dat daar 'n aanduiding is dat hy daadwerklike stappe sal doen om die noodsaaklikheid van die aanwesigheid van naturelle in blanke gebiede geleidelik te beëindig — die enigste is die vooruitsig dat algehele apartheid miskien praktiese politiek eendag kan word as die blankes nie meer behoefte aan naturellearbeid het nie.

### PLAASLIKE SKEIDING

Nadat hy dan die aanwesigheid van naturelle in die blanke gebied as noodsaaklik aanvaar het — soos ook die Faganverslag doen — is die regering van plan om 'n beleid van plaaslike skeiding toe te pas ten opsigte van woonbuurte en om in elk geval die getalle soveel as moontlik beperk te hou. Naturelle sal hul lokasies dan soveel moontlik self bestuur. Dit geld net vir stedelike gebiede. **„Daar is niks in die verkondigde beleid van die Nasionale Party wat teen die woon en werk van naturelle op plase vertolk kan word nie,"** aldus dr. Jansen, wat ter verduideliking daaraan toevoeg dat die tradisionele verhouding van baas en kneg verseker dat daar geen vermenging sal plaasvind nie.

„Die apartheidbeleid van die regering beoog die ontwikkeling van blank en nie-blank naas mekaar en nie deurmekaar nie. In blanke gebiede moet die belange van blankes die oorheersende faktor wees en in naturellegebied die van naturelle."

**Met hierdie verklaring van beleid het die „sirkels" van die twee groot politieke partye — waarna Die Vaderland in 'n berig elders in hierdie uitgawe verwys — nog nader aanmekaar geskuif, en dr. Jan Steyn (A.P. Potchefstroom) kon dan ook tydens die debat weer 'n beroep doen op samewerking tussen die partye ten opsigte van naturellebeleid, aangesien daar geen groot verskil meer bestaan nie.**

## LEOPOLD WIL SY GESAG AAN SEUN OORDRA

Geen ooreenkoms kon verlede week nog bereik word tussen die Belgiese partye ten aansien van koning Leopold se posisie nie. Laasgenoemde het voorgestel dat hy sy prerogatiewe tydelik aan sy negentienjarige seun Boudewyn oordra indien die parlement hom toelaat om weer sy troon te bestyg. Die voorstel was aanneemlik vir die verskillende groepe as 'n kompromis, maar verskil van mening bestaan nog oor die vraag of die koning in ballingskap sal gaan ná die oordrag al dan nie. Die Sosialiste staan daarop dat dit moet gebeur.

## SOWJET HET DIT OOK, VERNEEM WESTE

Nadat die Intelligence Digest reeds twee maande gelede berig het dat die Russe die waterstofbom ontwikkel en reeds getoets het, is verlede week deur Sapa-Reuter berig dat Duitse wetenskaplikes wat sedert die einde van die oorlog in Rusland werk, daarin geslaag het om die vereiste waterstofoplossing van 75—80 persent te berei wat nodig is vir die waterstofbom.

Tot nogtoe is gemeen dat net Amerika in staat was om dit te berei, aldus die berig. Behalwe as basiese grondstof vir die waterstofbom, word die oplossing ook gebruik vir langafstand-beheerde projektiele en vuurpyl-vliegtuie.

## *Engeland Wou Ierland Aanval Sê Oud-Premier*

**Eamon de Valera, voormalige eerste minister van Ierland, het verlede week in die Ierse parlement gesê dat hy tydens die oorlog meer gevrees het vir 'n Britse aanval op Ierland as 'n Duitse. Churchill se uitlatings het geen die minste twyfel in verband met hierdie saak gelaat nie. Hy was bewus dat sowel in Engeland as op die vasteland voorbereidsels getref was vir die besetting van Ierland.**

Hy het voorts gesê dat die Britse regering hom genader het met die versoek om deel te neem aan die oorlog en belowe het dat Ierland se toetrede 'n gunstige uitwerking sal hê op beëindiging van die verdeling van Ierland. „My antwoord was dat ek hierdie belofte al eenmaal tevore ook gekry het," aldus De Valera.

## Hongerdood Bekruip Sewe Miljoen

**Een van die kwaaiste hongersnode heers tans in Sjina en daar word gevrees dat etlike miljoene die hongerdood sal sterf. Volgens die Sjinese regering is daar reeds 7 miljoen „hongervlugtiges" wat versorg moet word.**

Hoewel Sjina met sy uitgebreide gebied sedert die Christelike jaartelling nouliks 'n enkele jaar sonder 'n hongersnood was, het faktore soos gelyktydige droogtes in die hoogland en verspoelings aan die riviergebiede by tye die sterftesyfer geweldig hoog laat styg. Die laaste groot hongersnood was in die jare 1931 en 1932 toe meer as twee miljoen dood is. Die kwaaiste nood het egter in 1878 geheers toe byna nege miljoen mense van honger omgekom het.

**Voorheen is deur die Weste in sulke tye aansienlike hulp verleen. Vandag het die optrede van die Kommunistiese bewind die Weste, en by name die Verenigde State, so vervreemd dat daar nie op redding uit hierdie oord gehoop kan word nie. Of Rusland sy vasal te hulp sal kom, is 'n vraag wat die Sjinese tans ongetwyfeld pla.**

TE LAAT VIR KLASSIFIKASIE

KOLLIES

Twee goud-bruin kolliereuns (4 maande). Stamboek-ouers. Met stamboek £5 stuk. Sonder, £4 stuk. Tevredenheid gewaarborg.—N. J. Kotze, Rodenbeck, Bloemfontein.

26/4/2B

# Geslaagde Sametrek op Beaufort-Wes

**'n Verteenwoordigende en geslaagde sametrek van die generaalskappe in die Wes-Karroo is verlede Saterdag in die Stadsaal op Beaufort-Wes gehou.**

Mnr. H. J. du Toit, voormalige generaal op Beaufort-Wes en tans woonagtig in Die Strand, het opgetree as voorsitter en mnr. S. J. Kamffer, Stafhoof van die O.B. as sekretaris. Mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier in Kaapland, het die besprekinge gelei.

**Hy het gesê dat omstandighede in die land en belangrike verwikkelinge op die partypolitieke gebied van sodanige aard is dat dit gunstige geleenthede bied en bepaalde verpligtinge oplê aan die Ossewabrandwag om opnuut na vore te tree en daardie tipiese Ossewabrandwag-leiding aan die volk te gee waaraan juis vandag so 'n groot behoefte gevoel word.**

**Daarom roep die leiding van die Ossewabrandwag elke lid van die beweging op om met ywer aan die wekr te spring sodat 'n magtige herlewing kan plaasvind.**

### VIER NUWE GENERAALS

Voortgaande is middels bespreek om die doeltreffendheid van die organisasie in die uitgestrekte binnelande te verhoog. Daar is besluit tot verkleining van die generaalskappe en ter aanvulling van die kommando-organisasie is die beginsel van gesinsbearbeiding aanvaar.

Weens die vertrek van genl. Du Toit moes nuwe aanstellings gemaak word en wel soos volg: **Mnr. Reenen de Villiers van Carnarvon en mevr. A. Viljoen van Richmond sal as hoofgeneraal en hoofkommandante onderskeidelik die manne en vroue organisasies ko-ordineer. Mnre. Martin Scholtz (Loxton), Awie Swanepoel (Rietbron), Hansie le Roux Snr. (Beaufort-Wes) en Brak Viljoen (Richmond) is aangestel as generaals en sal voortaan die bevel voer oor hul onderskeie kommando's.**

### VROUERAAD

Mevr. Viljoen, bygestaan deur haar assistent-hoofkommandantes mevv. M. M. de Villiers en J. C. de Vos sal die vroue-offisiere tot 'n Vroueraad konstitueer wat gereeld byeengeroep sal word en wat die instrumente sal wees waardeur die vroue hulle ten volle in die O.B. kan uitleef.

Mevr. A. M. Krynauw, die plaaslike kommandante, bygestaan deur vroue van haar kommando het tydens die vieruurpouse heerlike koffie en toebroodjies aan die aanwesiges bedien. Die besprekinge en besluite van die sametrekking was besielend en elkeen het met nuwe moed huis-toe gekeer.

## PARTYPOLITIEK OPSY GESKUIF IN V.S.A.

**Thomas E. Dewey, die goewerneur van New York, het verlede week 'n besoek gebring aan pres. Truman met die doel om 'n buitelandse beleid te vind wat die sienswyse van albei partye verteenwoordig.**

**Hy het ook aan sy mede-lede van die republikeinse party gesê dat hulle 'n gunstige ontvangs moet gee aan enige opregte aanbod „in tye soos hierdie".**

Dewey, 'n voormalige kandidaat van die republikeinse party vir die presidentskap, het in 'n toespraak by die Princeton-universiteit albei die groot partye aangespoor om 'n „uiterste en verenigde poging" aan te wend om die vryheid van die wêreld te red.

**Dewey het gesê dat die propagandadiens verskerp moet word om die „verslaafde volke van Rusland en sy satelliet-onderdane" te bereik.**

Hy het nadruk gelê op die noodsaaklikheid van 'n verenigde state van Europa, as die hoeksteen van 'n vrye wêreld, en gesê dat die Verenigde State hierdie program tot 'n suksesvolle afloop moet deurvoer.

## TROOS VIR V.S.A. TEN AANSIEN VAN DUIKBOOT-GEVAAR

Die Amerikaanse vlootowerheid het aangekondig dat klein duikbootjies op grootskaal vervaardig sal word om ander duikbote te bekamp. **Hulle is bedoel om duikbote naby vyandelike hawens voor te lê en te torpedeer. Hulle word toegerus met apparaat wat deur middel van klank en elektrone die teenwoordigheid van skepe kan opspoor.**

Die aankondiging volg op die nuus dat Rusland oor etlike honderde moderne duikbote beskik waarvan sommige selfs in staat is om met atoomwapens teen vyandelike stede op te ruk.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703. Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# O.B. Het Nooit Op Laingsburg Ontbind

**Mnr. H. Bedeker van die plaas Aanstoot, is aangestel as kommandant van die Laingsburg-kommando in die plek van mnr. J. B. Pauw wat onlangs bedank het.**

**Daar het in Die Burger 'n berig verskyn as sou die kommando op Laingsburg bymekaar gekom het en besluit het om te ontbind. Offisiere en brandwagte van die Laingsburg-kommando weet van sodanige byeenkoms niks en dat hulle tot ontbinding sou besluit het, is vir hulle nuus wat hulle self met verbasing in die partykoerant gelees het.**

**Die veldkornette en veldkornettes wat op die kommandoraad dien, staan almal nog steeds trou by die O.B. en selfs die brandwagte is nog almal op hul pos.** O.B.-lede voel baie ongelukkig dat hul O.B.-trou in die partykoerant in verdenking gebring is en hulle wil hulle mede-lede elders in die land verseker dat hul gewese kommandant op eie houtjie gehandel het en dat die offisiere en brandwagte van die kommando, onder leiding van komdt. Bedeker ongestoord voortgaan om die vaandel van die O.B. te dra op Laingsburg.